

Ministerie van Binnelandse Sake en Immigrasie

Hersiening van Namibië se Wet op Geboorte-, Huwelik- en Sterfteregistrasie van 1963

WAT DINK JY MOET DIE NUWE WET SÊ?

Registrasie van 'n kind se geboorte

Die Ministerie van Binnelandse Sake en Immigrasie is tans besig om die Wet op Geboorte-, Huwelik- en Sterfteregistrasie van 1963 te vervang met 'n nuwe wet wat beter voorsiening sal maak vir Namibië se behoeftes en meer prakties sal wees. Die Ministerie sal openbare menings inwin rakende voorstelle vir wetsvorming, en vertrou dat hierdie proses die publiek ook meer bewus sal maak van hoe noodsaaklik dit is om alle belangrike gebeurtenisse in mense se lewens te registreer.

1. Die belangrikheid van geboorteregistrasie

'n Geboortesertifikaat is 'n amptelike dokument uitgereik deur die Ministerie van Binnelandse Sake en Immigrasie wanneer 'n geboorte geregistreer word. Die sertifikaat is 'n bewys van die kind se identiteit, geboortedatum, geboorteplek en die identiteit van een of albei die ouers. 'n Ouer moet 'n kind se geboorte so gou as moontlik ná die geboorte registreer. Geboorteregistrasie is gratis.

Dit is baie belangrik om 'n geboortesertifikaat te hê.

'n Geboortesertifikaat help jou byvoorbeeld om –

- toegang tot sommige gesondheidsdienste te kry
- toegang tot maatskaplike welsyntoelaes te kry
- by 'n skool in te skryf
- 'n ID-kaart of 'n paspoort te kry
- te trou, en
- te stem.



2. Namibië se huidige reëls vir die registrasie van 'n kind se geboorte

Jy moet jou kind se geboorte so gou as moontlik registreer. Gaan na die naaste kantoor van die Ministerie van Binnelandse Sake en Immigrasie. Dit kan 'n kantoor in die hospitaal of een van die Ministerie se streek- of substreekkantore wees.



Dit is die beste dat al twee die ouers persoonlik na die registrasiekantoor toe gaan. Maar as een van die ouers nie beskikbaar is nie of nie wil betrokke raak nie, kan die ander ouer die kind alleen registreer.

- Neem 'n **bewys van die kind se geboorte** saam (byvoorbeeld die kind se gesondheidspaspoort).
- Neem **jou ID-kaart en geboortesertifikaat** (of gesertifiseerde afskrifte daarvan) saam, en dieselfde dokumente van die ander ouer indien moontlik.
- Ouers wat **nie Namibiese burgers** is nie, moet hulle paspoorte en die **permitte wat hulle toestemming gee om in Namibië te wees**, saambring.
- As die ouers van die kind **met mekaar getroud is**, moet hulle hulle **oorspronklike huweliksertifikaat** (of 'n gesertifiseerde afskrif daarvan) saambring. As die ouers onder gewoontereg getroud is, moet hulle 'n **verklaring van die nedersetting se hoofman of hoofvrou** saambring.
- As **een van die ouers oorlede is**, moet die ander ouer die **dood-sertifikaat** (of 'n gesertifiseerde afskrif daarvan) saambring.

Bykomende prosedures geld as die geboorte van 'n kind meer as een jaar ná die kind se geboorte gedoen word. Dit word **laat registrasie** genoem.



Die Ministerie het jou insette nodig

- 1) Watter **probleme** ondervind mense met die vereistes vir geboorteregistrasie?
- 2) Watter **wetlike regulasies** sal meer mense aanspoor om die geboorte van hulle kinders **onmiddellik ná geboorte** te registreer?
- 3) Hoekom **stel** sommige mense die registrasie van die geboorte van hulle kinders **uit**?
- 4) Moet daar 'n **spertyd** wees vir die registrasie van 'n kind se geboorte?
- 5) Moet mense toegelaat word om hulle kinders of hulleself deur **laat registrasie** te registreer? Indien wel, hoekom?
- 6) Moet daar 'n **boete wees vir laat registrasie**? Indien wel, hoeveel?
- 7) As laat registrasie toegelaat word, watter **dokumente** moet verskaf word, of watter **stappe** moet gedoen word om hulle eie **identiteit** of dié van hulle kind **te bewys**?



Stuur jou kommentaar na:

SMS: 081-6000098

Epos: feedback@mha.gov.na

Faks: 088-613693

Posadres: Posbus 604, Windhoek

Facebook: Hersiening van die Namibiese Wet op Geboorte-, Huwelik- en Sterfteregistrasie

Vir meer inligting oor die hersieningsproses van die wet, kontak die **Ondersekretaris van die Departement van Burgerlike Registrasie, Lydia Kandetu**, by die Ministerie van Binnelandse Sake en Immigrasie in Windhoek: lkandetu@mha.gov.na of telefoonnommer **061-2922093**.

Hierdie koerantinsetsel is ontwikkel deur die **Ministerie van Binnelandse Sake en Immigrasie**, gefasiliteer deur die **Legal Assistance Centre** en ondersteun deur **UNICEF**.

